

**1 November**

**Lukas 7:36-50**

(Teks: Psalm 18:2)

***Ek het u hartlik lief, Here***

Dit is vir ons as ouers 'n baie aangename voorreg as ons kinders hulle arms om ons nek slaan en vir ons sê: Ek is lief vir Paps, of lief vir Mams. Die lewe word sommer skielik weer die moeite werd. Inderdaad. Dit maak jou dag.

Maar hoor net wat leer Dawid ons sê: Ek het U hartlik lief, HERE. Hy wat ons met sy kosbare bloed gekoop het uit die heerskappy van die duiwel, waardeur ons kinders van God geword het, ja, tot kinders aangeneem is. Vir Hom sê Dawid dat hy vir Hom LIEF is. Ons is mos kinders van God. Het die Here Jesus ons dan nie geleer om te bid: "Onse Vader, wat in die hemele is", nie! En wie Vader sê, is mos kind.

Wanneer laas het ons vir God in die gebed gesê dat ons Hom hartlik lief het? Ons is in ons geloofslewe tog só beskroomd. Kan ons dan as Gereformeerdes dit vir God sê? Ons kan nie alleen nie, maar ons MOET dit doen. Dis die taal van Gods Woord. En as dit vir ons lekker is om dit te hoor, waarom sal dit nie vir God, ons Vader, ook aangenaam wees nie! Maar dan moet dit uit ons hart kom soos by Dawid. Dit mag nie maar net lippetaal wees nie, maar gebore uit 'n oorgegewe dankbare hart.

Sing Psalm 18:1

Ds. A.H. Mulder (Pretoria)